REDAKSIES

ADMINISTRASIE

Redaksioneel

Laat alles wat asem het, die Here loof! Halleluja! (Psalm 150:6)
Laat hulle sy Naam loof in koordans, Hom psalmsing met tamboeryn en siter. Want die Here het 'n welbehae in sy volk; Hy versier die ootmoediges met heil. (Psalm 149:3,4)

Die Here het nie verniet vir ons 'n stem gegee nie. Hy hou daarvan om ons te hoor as ons sing en bid. Aan die einde van al die psalms is daar ses psalms wat God loof. Dit is opmerkend dat dit aan die einde van al die psalms kom, want die volk het baie teleurstellings ondervind en baie slegte dinge ervaar, maar tog loof hulle God na alles wat met hulle gebeur het. Dit is pragtig dat God se groot reddingswerk so na vore mag kom en dat ons ook so God sal loof.

God, wat ons lewe deur en deur ken, beveel ons om Hom te prys, loof en dank. En ons kan hierdie dinge selfs doen in ons daaglikse lewe, in ons houding, optrede en gedagtegang. Laat ons nie ophou om Hom te loof nie.

Soos blyk uit hierdie gedeelte handel hierdie uitgawe oor 'Loof God' en is dit die tema van die uitgawe. Ek hoop hierdie uitgawe laat ons besef dat ons blye christene mag en moet wees en dat ons God sal loof in alles wat ons doen.

Kaapstad
Adriaan

IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel 2
Uit die Woord 3
Paasfees – die fees van verlossing 3
Nehemia 5
Oppad 6
Blydskap in die erediens 6
Loof die HERE! 8
Twee en twee 9
Voel jy ook so? 10
Is ons nog blye christene? 10
Ek LEWE by die kerk! 11
Nog iets 12
Nie eerlik nie 12
Die beste ding since Popcorn 13
Voetspore 14
Deur die sleutelgat 15

VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is

DV 14 Mei 2006

Uit die Woord

Paasfees – die fees van verlossing

Fijma Eefting

Die wet begin met: "Ek is die Here, jou God, wat jou uit Egipteland uit die slawehuis uitgelei het." Vir die Israeliete het dit die verlossing uit die slawerny in Egipte beteken. Maar wat beteken dit nou eintlik vir ons vandag?

Hy is die God wat ons gered het van die sonde en die dood. Daarvoor het Hy Sy Seun, wat Hy die liefste gehad het, gegee om vir ons sondes te sterf. Daarom vier ons tydens die Paasfees dat Jesus, wat die nuwe Paaslam geword het, tot redding van God se volk gekom het.

Die oorsprong van die Christelike Paasviering kom van lank terug, nl. die Pasga. Die Pasga was een van Israel se drie groot feeste. Dit is gevier op die 14de dag van die eerste maand (Lev. 23:5). Die fees is ingestel by die uittog van Israel uit Egipte (Eksodus 12).

Elke hoof van die gesin moes, nadat hy vier dae van te vore hom afgesonder het, een manlike lam slag op die 14de dag. Die bloed van die skaap moes dan aan albei deurposte gesmeer word. Die gebraaide vleis moes dan saam met ongesuurde brode en bitter kruie geëet word. Die ongesuurde brode was 'n herinnering aan Israel se lyding in Egipte. Dit wat oorgebly het moes met vuur verbrand word. Die Here het deur Egipte getrek in die nag en by elke huis wat nie besmeer is nie, die eersgeborenes gedood.

Elke jaar het die volk Israel die fees gevier. Aanvanklik het die offer by elkeen se eie huis plaasgevind, maar later het die offer plaasgevind in die tempel.

Die Christelike kerk vier met Paasfees die opstanding van Jesus Christus uit die dode. Deur die opstanding het Hy die dood oorwin, nadat Hy gemartel is en aan die kruis vir ons sondes gesterwe het. Hy is begrawe, sodat ons kan weet dat Hy regtig dood was. Nie alleen dit nie, maar ook wat met Sy liggaam in die graf gebeur het, mag dien om die bangheid van die dood by ons weg te neem.

Na drie dae staan die Here Jesus weer uit die graf op. Hy is nie die eerste mens wat weer lewendig geword het nie, maar daar is 'n verskil tussen Jesus se opstanding en opwekking van ander mense deur Hom en deur profete in die Ou Testament. Lasarus en al die ander mense het later weer gesterwe. Hulle het teruggekeer in 'n gewone liggaam, maar die Here Jesus het 'n liggaam gekry wat nooit weer sou sterf nie en

Stilstaan

Die Naam

"Het jy die boekrolle saamgevat?" vra die ou man *Barug aan Isak. "Ja meneer, hier is dit", antwoord hy en haal die dokumente uit sy tas wat hy oor sy skouer dra. "Mooi", sê Barug, "en waar is die kopieë?" Isak haal senuweeagtig sy huiswerk uit.

Die ou man neem die tyd om Isak se werk te bekyk. Isak kan nie wag nie; hy het só sy bes probeer om presiese afskrifte te maak.

Ywerig het hy by die huis voor die venster sit en werk met sy penne, presies soos Barug hom geleer het. Sorgvuldig het hy met die ink op die papirus geskryf en presies die skryfkuns van sy onderwyser nagedoen.

Elke keer as hy die naam van Jahwe moes skryf het hy gestop, sy pen skoongemaak, die naam geskryf, weer die pen skoongemaak en dan verder geskryf. Só het hy dit van Barug geleer.

* Barug was die skrywer van o.a. die boek Jeremia

dus die ewige lewe. Paulus het ook 'n slag aan die gemeente van Korinte hieroor geskrywe. Hy skryf: "Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het." (1 Kor. 15:20) Dit beteken: Hy is die eerste een wat opgestaan het om verder vir ewig te lewe.

Nog 'n verskil is: Hy is deur God opgewek en Hy het self opgestaan. 'n Mens kan nie die dood oorwin nie, maar Hy is sterker as die dood, want Hy is nie net mens nie maar ook God, God se eie Seun.
Maar wat beteken die opstanding van Christus dan vir ons? (Sondag 17) Hy verander ons en ons gaan lewe soos Hy wil hê. Omdat Hy opgestaan het weet ons seker dat ons ook sal opstaan en ewig lewe. En omdat Hy opgestaan het en leef, kan Hy aan ons uitdeel wat Hy vir ons verdien het.

Dink maar aan julle huis van binne. Die gang loop tot by die voordeur. Ons graf word later ook soos 'n gang, maar sonder 'n deur. As die Heiland terugkom op die wolke gaan ons deur die gang loop, regstreeks na die Here toe. En so met ons nuwe liggaam na die groot fees op die nuwe aarde. En die sondes, siektes en al die hartseer bly verewig begrawe.

Paasfees

Aan die kruis het U gesterf.
Verlate van God en mens,
vergewing vir ons verwerf,
vryheid ons toegewens.

Vandag mag ons dit weet:
U het waarlik opgestaan!
Uit genade ongemeet
vir ons die weg gebaan.

Daarom wil ons U dank
en as kinders in U verbond,
U loof met nuwe klank
prys met blye mond.

(Willem Feenstra, 2006)

Nehemia

Chris Stolper

(Die VGK Pretoria bespreek Nehemia op jeugvereniging)
Hoofstuk 1-7

Alweer Nehemia, dink jy dalk! Ja inderdaad! Maar wat daarvan as jy die artikel probeer sien as 'n samevatting, 'n opsomming van die besprekings wat ons tot dusver op Dinsdagaande gehad het. Dan het dit beslis waarde, deurdat dit wat jy geleer het vir 'n lang tyd vaslê. In die artikel gaan ek fokus op die hoogtepunte in die boek, en nie 'n kort geskiedenisbeskrywing gee nie. Hoop jy vind baat daarby!

Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees?
(Rom. 8:31)

Ook ons is vandag besig om te bou aan Jerusalem, naamlik aan die hemelse Jerusalem. Die skitterende stad waarvan daar geskryf word: 'En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp'.

Die boek Nehemia beskryf vir ons hoe die Here 'n verlosser verwek het wat die heilige stad in 'n versterkte vesting omskep het. Maar waarom word Jerusalem - oftewel Sion - dan 'n heilige stad genoem? Die rede hiervoor is dat die Verlosser eendag in Jerusalem gebore sou word.

Hierdie boek is 'n boek van God waarin God Homself daarin bekend maak. Die persoon Nehemia en wat hy gedoen het, is alleen te danke aan God. Ons sien dat die boek begin met 'n God wat ontroerd is oor die ellendige toestand waarin Sy volk verkeer. Nie net Nehemia is ontroerd nie, maar God self is ontroerd. Ons sien dat die hartseer berig oor die volk en stad van God by Nehemia diepe hartseer en groot rou wek. Kenmerkend is dat hy dan eers bid i.p.v. onmiddellik planne te maak. Eers bely hy sy skuld. Die ellende van Jerusalem is die volk se eie skuld. Nederig vra hy dan om vergewing vir die volk en van sy eie skuld. Ten slotte doen hy dan 'n beroep op die trou en mag van God wat besig is om vorm aan te neem. Alleen God kan daardie plan laat slaag. Ook van ons wil God hê, dat ons eers moet bid voordat ons enige kerk-aksie beplan en uitvoer.

Die oomblik wat Nehemia met sy verdriet na die koning gaan het God uitgekies en so laat verloop dat die koning gesien het dat hy hartseer is, en hom toe gevra het wat fout is. Ons sien dat die koning hom goedgunstig is en hom selfs verlof en middele gee om na Jerusalem te gaan. Dit kan nie anders as dat ons die houding van die koning absoluut as 'n wonder van God sien. God self het die koning se hart bestuur, ondanks die vroeëre verbod dat hulle nie mog teruggaan nie. Opmerkend is dat Nehemia met insig en oorleg te werk gaan. Hy sien die taak wat hy het, as 'n opdrag van God en neem volle verantwoordelikheid daarvoor. Met sy aankoms begin hy baie sorgvuldig met die werk. Eers doen hy in die geheim ondersoek, om solank as moontlik ongehinderd sy beplanning te kan uitwerk en met 'n goeie plan na die volksleiers te kan gaan.

Hoofstuk 3 gee vir ons 'n lys van name wat God vir 'n rede in die Bybel geplaas het. Hy beskou elke bouer afsonderlik en tel hulle een vir een, waarna Hy hulle in Sy boek opskrywe. Vir ons is dit 'n bemoediging maar tegelykertyd ook 'n waarskuwing dat ons erns moet maak met die bou van die nuwe Jerusalem. Vandag het ons die woord van God by ons, wat vol beloftes is om te versterk by die bouery.

Soos die werk vir God vorder, kom die satan nou in aksie en gebruik mense om die bou aan die mure te verhinder. Wat is Nehemia se reaksie hierop? Gebed. Onreg word nie self gewreek nie, maar in die hande van die hemelse Regter gelê. Ook in gebede en liedere om wraak gaan

dit nie oor ons nie, maar oor God en Sy werk. Selfs onder die teëstand wat die volk ervaar, bly die bou aan God se stad 'n vreugde. Die bron van vreugde droog nie op nie, omdat dit God self is wat die bron van die vreugde is.

Ná die gevaar van buite af, is daar dreiging van binne af. Die rykes verryk hulleself ten koste van hulle armer medebroeders. Ook ons kan onsself vandag daaraan skuldig maak. God vra Sy kinders om hulle rykdom onder mekaar te deel. Die oorsaak van die ellende blyk te wees 'n gebrek aan Godsvrees. Nehemia is 'n voorbeeld van liefde, gasvryheid en vrygewigheid deurdat hy geen aanspraak maak op sy regte as goewerneur nie. In Hoofstuk 6 lees ons weer eens van Sanballat en die wat saam met hom téén die bou is. Hulle volg nou 'n ander taktiek en nooi Nehemia uit vir 'n gesprek. Aangesien dit hier nie oor 'n werklik goeie gesprek gaan nie, en hulle slegte bedoelings het, het Nehemia geen verantwoordelikheid om in gesprek te moet gaan nie en sodoende te getuig van die Here nie. As hierdie manier nie werk nie, doen Satan homself voor as 'n engel van die lig, deur 'n valse profeet te gebruik. Ook hier gee die Here vir Nehemia die regte onderskeidingsvermoë.

En dan uiteindelik lees ons dat die mure voltooi is, en dit in 52 dae! Voorwaar 'n wonderwerk van God! Al die omringende volke moet erken dat die bou van die mure God se werk is. Noudat die mure voltooi is moet die laaste afrondingswerk aan die mure gedoen word, nl. die poorte met die poortdeure moet in die muur gevoeg word. Betroubare poortwagters wat Godvresend is word aangestel. Ons lees dat God dit in Nehemia se hart gegee het om 'n geslagslyn aan te lê. In hierdie naamlyste word mense genoem wat wonderbaarlik deur God gered is en huis toe gebring is. God self vind dit belangrik om hulle name in Sy boek op te noem.

Ek wil graag die artikel afsluit met Psalm 87:5 (berymd) wat vir ons wys hoedat God elkeen van Sy kinders by hulle naam ken.
"Die Here self skryf hul op, die duisendtalle,
een-een gebore uit die volkeskaar;
en singend, juigend klink die lofstem daar:
Ons heilsfontein stroom neer uit Sions walle!"

Oppad

Blydskap in die erediens

Elisabeth Aartsma

Het jy al die storie van Jim Smit en Ron Jones gehoor? Jim het kerk toe gegaan een Sondagoggend. Hy hoor toe die orrelis speel 'n fout en hy krimp ineen. Hy sien 'n tiener praat terwyl almal besig is om te bid. Hy is seker die diaken kyk na wat hy in die kollektesakkie gooi en dit laat hom kook van woede. Vyf keer hoor hy die dominee 'n foutjie maak in die preek. Gedurende die seën glip hy by die sydeur uit en mompel tot homself, "Wat 'n mors van tyd!"
Ron het ook kerk toe gegaan dieselfde oggend. Hy hoor die orrelis speel 'n stuk uit ' 'n Vaste burg is onse God' en voel geroepe om God te dien. 'n Spesiale kollekte is gehou vir sending en hy voel bly dat die kerk geld insamel vir hierdie doel. Hy geniet die prediking ten volle die Sondag, omdat die preek 'n aspek in sy lewe aanspreek. Toe hy aan die einde van die diens die dominee se hand skud dink hy, "Hoe kan enigiemand kerk toe kom en nie die teenwoordigheid van God aanvoel nie?"
Altwee mans het na dieselfde kerk gegaan die Sondagoggend. Beide het gevind waarvoor hulle gekom het. Mense sê soms dat banke en kerke een ding in gemeen het – wat 'n mens uit dit alles kry hang meestal af, vir 'n groot deel, van dit wat jy daarvoor insit.

Waaruit put ek my blydskap as ek kerk toe gaan? Is ek soos Jim of is ek soos Ron? Wat doen ons eintlik in die kerk? Weet ons regtig in watter plek ons hier sit? Dit is vir ons belangrik om dit te weet sodat ons die kerkdiens ten volle kan vier saam met Christus en ons mede-kerkgangers.

Die Here is aanwesig in die kerk, maar Hy is ook met Sy Gees aanwesig in ons. Moet ons dan

spesiaal kerk toe gaan omdat God daar aanwesig is? Die erediens is die hoogtepunt van ons ontmoeting met God. Ons mis iets as ons nie Sondae kerk toe gaan nie. In die kerk kom ons nog nader aan ons Vader, Hy is hier met Sy Gees, Hy praat met ons in Sy Woord, ons kan ontspanne sit en luister en hoef nie bang te wees nie. Ons weet: ons skuil agter Christus wat vir ons die pad na God se troon vir ons oopgemaak het.

In die kerk vier ons fees - 'n groot fees. Maar vandag is dit ook 'gevaarlik'. Nie in die sin van bang wees nie, maar ons moet die nodige ontsag hê. Om God met eerbied en vrees te dien.

Het jy al ooit getel hoeveel mense in die erediens is? Ons moet altyd nog Een by tel, want die Here is ook by ons in die erediens. Maar as dit so is dat ons in die kerkdiens kom by die hemelse Jerusalem, en dit is ook so, dan moet ons nog baie meer bytel. Ons kan dan nie meer telling hou nie. Want in die erediens is die engele van God ook saam met ons teenwoordig. Engele - wat doen engele? Wat hulle onder andere doen is om God te loof - dit is van die engele se besondere taak. Hulle sing vir God sonder ophou - dag en nag (Jes. 6; Psalm 89). Ons mag saam met die engele God loof (Hebr. 1). Die engele is in die hemel, saam in feestelike vergadering. In die kerk is ons met hulle in kontak. Hulle sing en ons sing. Die engele vier onophoudelik fees. Op Sondae vier ons fees. As ons dan saam met die engele sing word die fees vir God nog groter. Selfs die engele vind dit spannend oor wat in die erediens gebeur - Paulus sê hulle wil graag baie weet oor die versoening deur Christus. As die engele dit spannend vind, dan vind ons dit tog ook spannend?



Ons mag God se kinders wees in die huis van God. Die engele bly knegte van God maar hulle is bly en vier fees. Wat 'n ontmoeting in die erediens!

Ons as kinders van God mag saamkom in die erediens. Dit is die kinders wat God uitgekies het. Mense vir wie God alles in Sy goedheid gee. Dus ons is nie alleen in die erediens nie, ál God se kinders is daar. Ook dié waarvan jy nie soveel hou nie. Maar ons dien en sing saam in die erediens want die erediens is te heilig om iets teen jou naaste te hou. Maar in die kerk sien ons ook dat daar mense is wat al gesterf het, maar daar oorwin die blydskap altyd weer. In die kerk mag ons hul ontmoet wat al gesterf het. Hulle leef voor God en loof Hom in die hemel. Ons mag God ook saam met hulle dien en loof.

Maar veel belangriker nog: ons ontmoet God, ons Vader, in die kerk. Ons kom saam voor God in die kerk. Hy is ons Redder en Verlosser. God luister na ons sang, Hy verhoor ons as ons bid.

Dis waaroor dit gaan in God se kerk, waaruit ons ook ons blydskap mag put. Dink weer 'n slag daaroor na. En ons mag besef: dit is regtig 'n fees om God te dien!

Bronne: e-sword – 2000 Bible illustrations
Preek van Ds. A. Kruisinga (NL)

Some don'ts for church attenders

Don't visit - worship.
Don't hurry away - speak and be spoken to.
Don't dodge the preacher - show yourself friendly.
Don't dodge the collection plate - contribute what you are able.
Don't sit in the end of the pew - move over.
Don't stare blankly while others sing - join in.
Don't wait for an introduction - introduce yourself.
Don't criticize - remember your own frailties.
Don't monopolize your hymn book - be neighborly.
Don't stay away from church because you have company - bring them with you.
Don't stay away from church because the church is not perfect - how lonely you would feel in a perfect church.

Halleluja!
Loof God in sy heiligdom,
loof Hom in sy sterk uitspansel!
Loof Hom oor sy magtige dade,
loof Hom na die volheid van sy grootheid!
Loof Hom met basuingeklank,
loof Hom met harp en siter;
loof Hom met tamboeryn en koordans,
loof Hom met snarespel en fluit;
loof Hom met helder simbale,
loof Hom met klinkende simbale!
Laat alles wat asem het, die HERE loof!
Halleluja!

Loof die HERE!

Hendriët Pouwels

Psalm 150 is 'n lofsang vir die Here. Dit is 'n magtige simfonie van mens en instrument tot eer van God.
Psalm 150 is 'n slotakkoord op al die klaagsange van die vervolgde en verdrukte kinders van God, 'n loflied van oorwinning. Dit is as sulks 'n uiters gepaste lof-finale vir die psalmbundel as geheel.

Die psalm begin met 'n lofprysing, Halleluja, dit is: Prys die Here! Die aanspreekvorm van die Here in die begin van die psalm, is God, wat beteken: Skepper van die wêreld. Ons moet Hom loof in Sy Heiligdom, op aarde en ook in die hemel, die uitspansel wat Hy op die tweede dag, in Sy grote almag geskep het. Die volk uit die Ou Testament het Hom geloof vanuit die tempel, ons mag dit in die kerk doen. Maar ook daagliks het ons die vryheid om te sing en God te loof en te prys. Dit hoef nie net tot die erediens in die kerk beperk te wees nie.

Maar hoekom moet ons God prys? Oor al die magtige dade wat Hy gedoen het. Ook oor Sy liefde en regverdigheid. Ja, Hy het ons dan so liefgehad dat Hy Sy enigste Seun, Jesus Christus, aarde toe gestuur het, om vir ons sondes te sterf, die dood te oorwin en ons sondes te vergewe. Hierdie Seun, Jesus Christus, doen sonder ophou voorbidding vir ons, by ons Vader, ons God. Hoekom sal ons dan nie rede hê om Hom te prys nie?

In vers 3-5 word daar 'n klomp musiek instrumente opgenoem. Die basuingeklank is met die ramshoring gemaak, en was 'n geluid wat baie ver gehoor kon word, 'n geluid wat 'n heilige teken aankondig. Daarna volg die harp en die siter, wat kleiner snaarinstrumente was. Die siter is ook deur Dawid bespeel, ook toe hy Saul moes gaan gerusstel met sy musiek wanneer die bose gees in Saul gevaar het (1 Sam. 16:14-23). Die siter kan dus gesien word as 'n instrument wat strelende musiek gemaak het. Die harp is meestal in die eredienste gebruik. Die tamboeryn en koordans het altyd saamgegaan. Die maat vir die koordans is deur die tamboeryne aangegee. Die volk het die Here ook op dié manier geloof toe Hy hulle veilig deur die Rooi See laat trek het. Mirjam, die suster van Aäron en die vroue het die leiding geneem, en gesing: "Sing tot eer van die Here, want Hy is hoog verhewe." (Ex. 15:20, 21). Met die fluit word die herdersfluit of rietfluit bedoel. Dit was ook al 'n ou instrument, want Jubal, die seun van Lameg, was die vader van almal wat op die fluit en siter gespeel het (Gen. 4:21). Die simbale gee 'n opswepende effek, dit klink helder op tussen die gesange en ander instrumente.

Dan word daar in vers 6 gesê dat alles wat asem het, die Here moet loof. Dit beteken dan ook álles, mens en dier. Maar die meeste van alles die mense, ook dan onder begeleiding van alle moontlike instrumente. Dit is ook treffend dat die psalm met die woord "Halleluja" eindig, wat dan net weer beklemtoon dat ons die HERE, die God van die verbond van die genade moet loof. Alle skepsels moet deelneem aan een massa-lofprysing aan die Here, tot eer van Sy Naam en al sy magtige dade. Ons moet almal saam 'n koor vorm, wat daagliks ons dankbetuiging bring. Ons het soveel om voor dankbaar te wees, laat ons dit dan ook wys!

Kan jy ook sê dat jy aan dié koor behoort? Het jy nie ook rede om van dankbaarheid en vreugde te sing, saam met alles wat lewe, en die Here te loof en prys nie? Laat ons nie skaam wees om te sing nie, want dit is die mooiste manier om aan God die eer te betoon.

"Laat alles wat asem het, die Here Loof! Halleluja!"

Twee en twee

H Lubbinge

"Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat." Matt. 24 : 40 en 41

Flitsende blou en rooi ligte. Polisie, 'n ongeluk! Twee motorwrakke staan skeef in die pad. Die lug ruik na rook en olie wat brand. In die lig van straatligte swoeg brandweermanne om mense uit die wrakke te sny. ... Egter tevergeefs. Een is reeds dood. Drie ander sterf onder hulle hande voor hulle uit die wrakke bevry kan word. Hoe tragies - vier jongmense in een ongeluk!

Twee ....

Hy: Eina!!!!!! Ek brand! Ek moet wegkom!!!! Eina! Waar is ek?! Dis seer! Verflaks! *$#@* ..... Wat?! Dan is daar tog so 'n plek – die plek van vuur! DIE HEL!!!! ..... Dis nie reg nie! Daardie skynheilige vreksels in die kerk. Hulle wat maak of hulle so heilig is. Húlle hoort hier.

Ek was nie so skynheilig, het nie in die 'voorste gestoeltes' gesit nie. Hulle wat so behep is daarmee om uit te vind wat die Here wil hê. Jy kan tog nie iets verdien deur allerlei reëltjies na te kom nie. Dit gaan oor die geloof. Ag hoe vervelig kon baie van die predikante nie wees nie. Hulle vertel dinge wat ek lankal weet. Al die verhale uit die Bybel. Van verlossing uit genade.

Dit was lekker om 'n soentjie van my meisie tydens die kerkdiens te steel. Of as die verveling te veel geword het, 'n selfoonspelletjie te speel.

Sy: Wat?! Hoe is dit moontlik? Hoe kan dit wees? Dis so ongelooflik! Heerlik! ..... DIE HEMEL!!!! ..... Maar, ... ek was dan so 'n slegte mens. Hoe skuldig het ek nie gevoel dat ons ander veroordeel het, omdat hulle eintlik beter was as ons. Hoe sleg het ek gevoel dat ons in die kerk sit en vry het, of selfoonspeletjies gespeel het.

Here .... baie, baie dankie dat ek uit genade hier mag wees terwyl ek die ewige oordeel verdien het.

Twee ....

Sy: Eina!!!!!! Ek brand! Waar is ek?! Hoe is dit moontlik?! Ek het dit nie verdien nie!!! DIE HEL!!!! Ek het dan so getrou kerk toe gegaan. Op vereniging was ek 'n leier. Ons het die Woord bestudeer. Dit wat ons wel en nie moet doen nie.

Hulle wat sit en vry het in die kerk, selfoonspelletjies gespeel het .... hulle verdien dit om hier te wees!

Hy: Wat?! Hoe is dit moontlik? Hoe kan dit wees? Dis so ongelooflik! Heerlik! ..... DIE HEMEL!!!! ..... Maar, ... ek was dan so slegte mens. Hoe skuldig het ek gevoel dat my gedagtes so maklik afdwaal as ek na die preek sit en luister. Hoe ek sommer tydens die preek aan my studies, meisies en ander dinge kon sit en dink. Ook hoe my verbeelding sommer met my op hol gaan as 'n meisie met 'n lae hals vooroor buk in my rigting.

Ag Here, hoe is dit moontlik?! Here .... baie, baie dankie dat ek uit genade hier mag wees terwyl ek die ewige oordeel verdien het.

'n Vriendelike versoek aan diegene wat nog nie hul Olielamp-gelde betaal het nie, ons ontvang dit graag!

Die redaksies

Voel jy ook so?

Is ons nog blye christene?

Anne-Marie Eefting

Daar is baie mense in vandag se wêreld wat onder die indruk is dat om 'n christen te wees ons lewe inperk, die blydskap uit die lewe neem. Maar ons weet dat die teendeel waar is. Ons het soveel meer rede om bly te wees. Die blydskap van die wêreld is soos die van die verlore seun in die vreemde land – tydelik en afbrekend.

Deur die geskiedenis van die Bybel is daar baie voorbeelde van christene wat nie skaam was om hulle vreugde in God te wys nie: Mirjam en die vroue het gesing en gedans van blydskap omdat God hulle veilig deur die Skelfsee gelei het (Exodus 15), Dawid het voor die ark uit gedans toe dit na Jerusalem gebring is (2 Samuel 6), die boek Psalms is vol lofsange tot God wat van oorvloedige blydskap spreek. In die Nuwe Testament is daar 'n hele aantal lofsange – Sagaría, Maria, Símeon en Anna. Hierdie is net 'n paar voorbeelde, gelowiges het baie redes om bly in God te wees, hoekom sal ons dit nie wys nie?

Die woord evangelie beteken blye boodskap; en tereg. "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." (Joh. 3:16) Dit is vir ons menslike verstand onbegryplik, dat iemand ons só lief kan hê, ondanks ons sondige bestaan. Dit is daarom 'n bron van vreugde vir ons; en ons mag dit vir die hele wêreld wys.

Jesus wil ook hê dat ons bly is. In sy laaste onderwys aan die dissipels sê Hy dat Hy ons net so lief het soos wat die Vader ons het, en deur Sy gebooie te bewaar sal ons in hierdie liefde bly. Dit sê Hy sodat "my blydskap in julle kan bly en julle blydskap volkome kan word" (Joh. 15:11).

Blydskap is een van die vrugte van die Gees. Dié wat aan Christus behoort sal dit ervaar. Gelowiges is egter nie gevrywaar van hartseer en pyn nie. Ons het ook teleurstellings, staan geliefdes aan die dood af, word siek, is soms eensaam. Ons oproep tot blydskap beteken ook nie dat ons nie oor hierdie dinge mag huil nie. Jesus het self soms bedroef geword, soos by die dood van Lasarus (Joh. 11:35). Maar ons hartsere is alles tydelik. Die onderliggende wete dat ons aan Christus behoort en dat Hy ons so oneindig liefhet maak dit draagliker vir die gelowiges op aarde.

Ons hoef hierdie blydskap ook nie alleen te ervaar nie. Dis altyd meer feestelik om saam met ander bly te wees. Ons kan saam met die gemeenskap van die heiliges bly wees oor ons verlossing en die oneindige liefde van God vir ons. Ons behoort mekaar gereeld hieraan te herinner en aan te moedig om hierdie vreugde te wys.

Deur ons blydskap in ons daaglikse lewenstyl te wys, verheerlik ons God. So skyn ons ons lig voor die mense. Ons mag dit nie onder 'n maatemmer wegsteek nie (Matt. 5:15). Die wêreld sal wonder oor die bron van ons blydskap, en aangetrek word na die liefde van ons Vader.

Daarom, soos Paulus aan die gemeente van Fillipi sê: "Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!" (Fil. 4:4).

Ek LEWE by die kerk!

Lieze Bron

Veronderstel dat jy môre met 'n nuwe werk gaan begin. Jy het jou lewe om geswot net om eendag suksesvol te wees, en nou staan jy voor die deur van sukses. Jy het 'n gesin, dalk kinders, 'n mooi huis, baie geld. Wat meer kan 'n mens voor vra?

Skielik gaan jou hele gesin dood in 'n motorongeluk. Jou huis brand af. Jy het nie meer geld om kos te koop nie. Die werk bel en sê hulle het iemand anders in jou plek gekry.

Wie se skuld is dit? Wie gaan jy blameer? GOD. Hy is mos die Stuurman van ons lewe? Hy weet wat gaan gebeur. Hy is die Almagtige.

Nee, alles wat ons het, is uit genade. Ons lewe slegs uit genade en dankbaarheid. God gee vir ons baie dinge. Ons is baie gou om dit te neem en vir onsself aan te wend. Dan vergeet ons maar al te gou van Wie ons dit kry. Pleks daarvan om dit vir Hom aan te wend, uit dankbaarheid. Hy gee vir ons baie. Dit kan wees in die vorm van 'n geleentheid, talente, tyd of geld. Mag ons dit afslaan, weier en nie in diens van Hom gebruik nie?

Een baie duidelike geleentheid wat Hy aan ons gee is die erediens. God gee aan jou die geleentheid en dus ook die opdrag om die kerkdiens by te woon en Sy Woord te hoor. Hy gee vir Jou die geleentheid. Wie is ek dan om die gunste en gawes van die Groot Koning af te wys en te sê "nee dankie"?

Die erediens is daar om saam as gemeente die Here te aanbid en om aan Hom lof toe te sing. Erediensbywoning is gelykstaande daaraan om

1. aan God die eer te gee,
2. jouself geestelik op te bou en
3. saam met medegelowiges te lewe.

Jes. 58:13 & 14. Die Sabbat is 'n verlustiging. Die doel is om die heilige dag van die Here hoog te hou. Alles is gerig op liefde tot God en jou naaste. 'n Mens kan nie die Rusdag losmaak van die diens van God nie. Deur die bloed van Christus het Hy ons van ons sondes en vrese verlos, sodat die rusdag 'n dag van vrede en rus is. Dit is 'n dag van vrede met God en rus in God. As ons die rusdag waarlik heilig, behoort die ander dae van die week Godgewyd te wees. Ons gaan na die erediens om God te ontmoet en Hom te eer in sy samekoms, en ons in Hom te verlustig.

Rom. 10:1–17 sê baie duidelik dat jy sonder die geloof dood is. Dus, die teenoorgestelde - (Joh. 1:25) wie in My glo, sal lewe. Die Heilige Gees wek die geloof in ons harte deur die verkondiging van die Evangelie en dit word versterk deur die gebruik van die sakramente (Ef. 2 : 8). Dit gaan hier om lewe en dood. Wie waarlik glo en die aangesig van God wil ontmoet, sal 'n brandende begeerte na die erediens hê.

God gee alles vir ons, die erediens inkluis. Waarom kan ons dan nie van die erediens gebruik maak om ons dankbaarheid te toon nie? Die lewe is altyd so gejaagd en jy't amper nooit tyd vir jouself of enigiemand anders nie. God trek aan die korste end. Maak gebruik van die erediens om Hom vir 'n slag heel bo aan jou prioriteitslys te sit. Dit is tog waar Hy behoort te wees? Gee aan God die eer en loof Hom.



Nog iets

Nie eerlik nie

Laat ons dadelik by die kernvraag begin: uitverkiesing is nie eerlik nie. Natuurlik; ons het almal die doodstraf verdien. En dit is pure barmhartigheid van God se kant af dat Hy mense wil red. Maar hoekom word alle mense dan nie gered nie? Ware barmhartigheid behoort mos nie net sommer êrens te stop nie?

'n Verhaal.
Ek was 'n bemanningslid op 'n oseaanstormer, maar eendag het my maats en ek oorboord gespring; omdat ons nie saam met die Kaptein gestem het oor die reisskema wat Hy uitgewerk het nie. Eerder eie baas in die golwe as om altyd onder die Kaptein te dien!
Die Kaptein probeer toe naderkom om ons te red. Maar niemand van ons het om hulp geroep nie. Inteendeel, ons het vinnig weggeswem. Ander het selfs gemaakte vlotte gebou om weg te dryf van die skip af. Enigiets behalwe om op die boot te wees! Ons het die reddingsboeie totaal en al geïgnoreer.

So, daar swem ek. Maar skielik gryp Iemand my aan my kraag vas en begin om my terug na die boot te sleep. Dit was die Seun van die Kaptein; sy Vader het hom die golwe ingestuur. Ek het my hard daarteen verset, geskree dat ek myself wel kan red, ek het selfs die Kaptein sleg gesê. My verset het Hom die diepte ingesuig, en Hy het inderdaad verdrink, al het hy kans gesien om deur die dood heen my en tallose ander aan boord te kry. En daar was die wonder van die Gees nodig om my sover te kry dat ek nou bly is daarmee.

En daar staan ons dan, die geredde mense, huiwerend in die gangboord. En ons sien baie verdrink, terwyl ander met ongegronde optimisme steeds in die rigting van die horison bly swem. Ons sien die Seun aanhou werk; onvermoeibaar; elke redding 'n nuwe geveg om lewe en dood.

Wat sê ek dan vir die Kaptein? Nadat U ons gered het moet U die res ook red; anders is dit nie eerlik nie? Met U mag oor die golwe kan U voorkom dat die ander ook verdrink, U kan sorg dat U Seun vinniger by die mense is as die dood...

Ja, ek kan dit alles sê. Maar ek het nie die hart daarvoor nie. Ek kan net vol ontsag na die Kaptein kyk. Bang vir dalk tog nog 'n straf. Maar nee. Die erns van sy oë is nie vol van ingehoue woede nie. In Sy erns is mededoë. Hy deurgrond my tot op die bodem – en tog glimlag Hy. Blykbaar is daar 'n bron van liefde in Hom wat nie van my afhanklik is nie... Nadat ek in Sy oë gekyk het, versmelt my vrae. Hy weet blykbaar wat Hy doen.

Ons glo dat God bewys het... dat Hy barmhartig en regverdig is. (NGB art 16.)

Rom. 11:33 "o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!"

Uit: Nederlands Dagblad, datum onbekend

Die beste ding since Popcorn

Louise Haak

Van 'n raw-deal na 'n God-deal
Geskryf deur: Maretha Maartens (saam met Hendrik Rocher)



Rocher het goeie herinnerings aan sy skoolmaat Callie. Hulle het saam tennis gespeel en die trofeë ingeryg.
Callie se Ma het 'n elektriese popcornmaker in die kombuis gehad. Hy het baie keer sommer daar oor gebly en hulle kon enige tyd, dag of nag, by een van die kombuistoonbanke vir hulle gaan popcorn maak. As julle twee dan hol van binne is, het sy Ma altyd gesê, spring popcorn en vul die watte daarmee.
Om die wattewit popcorn by die tuit van die popcornmaker te sien uitpeul, vars gepof en met so 'n warm mieliegeur, was een van die happenings van sy hoërskooljare. Popcorn en sy vriend Callie was van die gelukkigste goed wat ooit met hom gebeur het.

Dis ek wat opgehou het om vir Callie te skryf, dink hy terug. Partykeer is die lewe net te complicated, net te veel van 'n mess. Dan hou jy op skryf, om te vertel. Callie het nie 'n clue van wat sedert die laaste vuishou op mekaar se biceps in my lewe aangegaan het nie. Hy weet nie dat 'n history wat in 'n dik geskiedenisboek kan inpas, binne 'n jaar en 'n paar maande kan afspeel nie. Ons paaie het gevurk toe ek en Johan saam met Ma opgepak en Goudveld toe getrek het. Toe ons sak en pak terugkom, was daar nog minder geld as voor ons weggegaan het. Ek kon nie meer teruggaan na my ou skool toe nie, al wou ek hoe graag. Dit was by daardie nuwe skool dat my lewe toe ook eventually uitmekaar geval het. Ma het my naam by die skoolhoof van die nuwe skool gaan weggooi. Ek maak haar grys en oud, het sy vir hom gesê. Ek is een stuk rebelsheid, die tiener wat by die skoolleierskamp spark en shine, het 'n ander kant. Tuis is ek so steeks soos 'n donkie, tuis gooi ek goed rond en weier om haar gesag te aanvaar.
Wat het van Callie geword? Ek wil weet, maar ek wil hom nie sien nie. Nooit weer nie. Hy gaan dit maak in die lewe; ek maak dit nie eens na Rehab nie.
Ek voel hol van binne, asof ek popcorn nodig het.
"Maak gou," sê Gabriel , "Lots of cops around, What do you want?" Popcorn, wou ek al vir hom sê. 'n Drom vol popcorn. Maar dan koop ek heroïen, soveel as wat ek kan bekostig.

Die beste ding since popcorn is 'n ware verhaal van wanhoop en hoop, 'n seisoen in 'n jong man se lewe. Dit bewys dat hoe donker die nag ook al lyk, God se lig êrens deur die donker sal breek. Hierdie boek gaan niemand onaangeraak laat nie.

Hierdie boek is uitgegee deur CUM (Christelike Uitgewersmaatskappy) en beskikbaar by enige boekwinkel.

Voetspore

Hiya mates

Hierdie maand geen krieket, geen dinee's, niks sulke dinge nie. Die naaste wat die jeug aan 'n dinee gekom het, was mamma se spesiale Kook en Geniet Hutspot met Spek wenresep. En die naaste wat ons aan krieket gekom het, was Kass Naidoo se rusgewende stem tydens SABC Sport live uitsendings van die "rather dead test-series". Voordat u weer – al gapende – na die opskrif van hierdie geskrif kyk om net seker te maak of dit nie dalk gaan oor tricklebed reactors of die lewe en werke van Martin Mans nie, lees verder: die jeug is tog nie heeltemaal so boring nie.

Dit kan gestaaf word deur die feit dat Jaco "killer-smile" Haak ook hierheen gekom het tydens die vakansie. Alhoewel hy onder die voorwendsel gekom het dat hy Daan en Jessica se huwelik bygewoon het (hulle het naamlik, nes Albert en Nadine asook Johan en Risella, getrou), weet skeptici wel van beter. Hy het hoofsaaklik gekom om te leer. Die man studeer naamlik Afrikaans. Dit het egter niks te doen met sy Gautengse leerproses nie. Jaco het wysheid gesoek, lesers, en dit wou hy verwerf deur nederig te luister na die Edele Sint Bernard Getuies. Of dit suksesvol was, is tot op hede nog nie bekend nie, want Jaco was, voor mens "woef" kon sê, alweer terug op die sneltrein, wat in 'n rekordtyd van 26uur die pad van Pretoria tot Bellville deurkruis het.

Hier stop ons nie met ons local connections nie, want Mejuffrou H. Geleijnse was ook in die land van die Mighty Apies, al was dit dan vir 'n tydsduur wat vergelykbaar is met 'n retour treinreis soos gedoen deur Jaco. Hierdie jong dame, wat ook luister na die naam Henriëtte, het in die kort tydjie wat sy hier was by Wilna gebly. Dit het natuurlik ontaard in 'n Battle of Speeches, want beide dames is uiters spraaksamig, en u kan uself voorstel dat die meeste waarnemers gedink het dat Wilna die onderspit sou delf.

Omdat ons nou tog besig is: daar is ook 'n ex-Suid Afrikaner in ons midde vir 'n langdurige (70 treinreise lank) verblyf. Gebore: April 1985; lengte: 1.95 meter; gunsteling kos: Pronutro; gunsteling drank: Ranja met een rietje. As u nou nòg nie weet oor wie ons hier praat nie, dink weer: dis Nico Hoving. Hy het in sy prille jeug in Pretoria gebly, en het dit goed geag om weer te kom. Dus as u die rustige geluid van: "we won'n in Groning'n, maar ik wil liev'r hier won'n", dan moet u oppas: dis hy daai, en hy kan u verstaan…Jy kan naamlik Nico uit Suid Afrika haal, maar nie Suid Afrika uit Nico nie.

Genoeg gepraat oor die lewe en werke van allochtonen. Die jeugorganisasie Caritas (moet dit nie verwar met Carinas nie, want dit het niks met die Olielamp uit te waai nie), het 'n speletjiesaand gereël vir twee diverse bevolkingsgroepe: die jeug en bejaardes. En u sal dit nie glo nie: daar is *nie* rolbal gespeel *nie.* Ek gee u gou eers kans om weer asem te skep, maar dis regtig waar. Al was die opkoms effens swak, was die middag-aand nog steeds gesellig, en het die rekords in die speletjies-wêreld een vir een gespat. Om mee te begin: kortste tydsduur van Trivial Pursuit spel: Linda, Cornelia, Henriët, Jeanine, Ilze en Alex. Tyd: 5 minute. Oorsaak tot opbreek van spel: verveeldheid, en die soet lokstem van sjoel. En in hierdie beautiful game het ook 'n rekord gespat, naamlik toe Jesca volk en vaderland verras het met 'n ongelooflike 17 punte final score. Baie geluk aan almal!

Terwyl die chips, pretzels en sop binne ryklik gevloei het, was daar ook 'n taai volleyballstryd op die skool se veld. Twee persone het daar opgeval. Eerstens het ons vir Jaco Lubbinge, wat met 'n geweldige krag en deursettingsvermoë (alhoewel…ek dink eerder dat dit nét sy bere-krag is), die balle se kwaliteit toets. Vele mense het gesneuwel, en Jaco het nuwe betekenis aan die woord *vlug*bal gegee. Van die vlugtelinge is nooit weer gevind nie. Marlies Kleyn het hiermee probeer kompeteer, en in 'n poging om gevaarlik te lyk, bind sy toe danger tape om haar kop. Sy was egter veel minder suksesvol as Jaco in hierdie intimidasie proses, en teenstanders het nie geweet of hulle moet lag (want you cannot put a price on comedy) of huil (soms gaan mense te ver) nie. Toe verkies die meeste mense om net stil te bly en te hardloop. Maar

die rede hiervoor was steeds vir Jaco se smashes.

Ek laat u verder in die duister, waar u seker nog wegkruip vir smashes, maar met 'n nuwe gediggie:

A man fell down a mine
Said, 'Help! Someone drop me a line!'
Down came a letter
Saying *Hope you feel better,*
Dinner's at half past nine.
Spike Milligan

Deur die sleutelgat

Getroue Olielamp lesers en alle ander nuuskieriges.

Die vakansie is al weer op sy einde en na regte behoort ek dus hope nuus te hê. Ek moet u egter teleurstel. Daar het nie veel van waarde plaasgevind nie. Die meeste jeug het hul soos wafferse studente gedra en die hele vakansie hard gestudeer, met die gevolg dat daar van kuier nie veel gekom het nie. Daar was natuurlik wel die jonger lede wat die katkisasie kamp bygewoon het. My informante het mekaar egter so weerspreek dat dit nie vir my moontlik is om 'n akkurate weergawe te gee van dit wat daar gebeur het, so ek sal eerder swyg.

Woensdag (5 April 2006) was daar egter 'n vuurwerkvertoning by die Waterfront. Dit maak deel uit van 'n reeks vertonings genaamd die "Symphony of Fire". Suid-Afrika, Spanje en Kanada het aan die vertoning deelgeneem. Die betrokke Woensdag was Kanada aan die beurt, en die jeug het dit goed geag om te gaan vasstel of ons broeders en susters van die Free Reformed Church wel die kuns van vuurwerk afskiet magtig is. Daarom is agt vuurwerkdeskundiges (piromane) gewapen met kameras na Seinheuwel om die spektakel te gaan waarneem. Aan die voet van Seinheuwel is hul egter voorgekeer deur die gereg. Die heuwel was reeds vol met ander piromane en niemand word meer toegelaat nie. Hul was dus genoop om 'n ander heenkome te soek. Johan besluit toe om die bul by die horings te pak en die Waterfront sélf in te vaar. Daar aangekom was dit egter nie maklik om ooreen te kom wat die beste plek sou wees om die vuurwerk te aanskou nie (merkwaardig as 'n mens in gedagte hou dat die vuurwerk in die lug is en jy dit dus ewe goed van oral sal kan waarneem). Die gevolg was dat die hele Waterfront deurkruis is, tot daar vasgesteek is langs 'n springkasteel (wat tydens die hele vertoning almal se lewe versuur het met sy gehuf en gepuf). Die vertoning het stiptelik half nege begin. Vir 'n volle half uur is die lug gevul met vlamme, knalle en vonke tot groot pret van die vurige skare. Die hele afdeling vuurwerkdeskundiges was dit eens dat die Kanadese weet hoe om met vuur te speel!

Na al die opwinding was die meeste egter nie lus om huiswaarts te keer nie en Clifton was dus die logiese opsie. Die strand was dolleeg, maar dit kon nie die uitbundigheid keer nie. Al gou was die kerse brandende en die wyshede besig om oor die strand te galm. Veral Nina het met haar rooi vlegsels baie opspraak verwek. Al het sommiges wel gewonder waarom sy op die strand is en nie eerder in die Knysnabosse rond dwaal nie. Verder is daar ook in kanon gesing totdat Adriaan in trane uitgebars het, omdat die ander nie sy nagtegaal stem waardeer nie. Daar het 'n hele diskussie uitgebreek, met die gevolg dat almal vir Adriaan om verskoning gevra het oor hul ondeurdagte optrede, waarna hul skuldbewus huiswaarts gekeer het...

Laastens wil ek ook nog melding maak dat Corlia verjaar het. Baie geluk! Dit is soos gebruiklik gevier met die braai van vleis. Dit was 'n baie rustige gesellige aand en alles het volgens voorskrif verloop (vleis is gebraai op 'n rooster, rooikranshout is gebruik, chips is geëet, ens.) totdat Sjirk almal geskok het deur brood op 'n papierbord in die vuur te braai! Soiets het in die ganse heugenis van die jeug nog nooit voorgekom nie en almal was dan ook danig aangedaan oor die hele voorval. Namens die jeug wil ek tog net vra dat jeuglede asseblief in die toekoms rekening sal hou met die vasgestelde sedes en gebruike.

Ek wil afsluit deur almal sterkte toe te wens vir die komende kwartaal en aan te moedig om hul kultuuropdrag nie te vergeet nie.

Skouer aan die wiel!

BIBLE PUZZLES

"Letterfall"

Om op te los, pas die letters in elke vertikale kolom in die blokkies direk daaronder om woorde (wat van links na regs gelees word) te vorm. Die letters word nie noodwendig in die korrekte volgorde gegee nie. Elke letter word net 1 keer gebruik. 'n Swart blokkie toon die einde van 'n woord aan. Wanneer al die letters in die regte blokkies geplaas is behoort dit 'n Bybelvers uit die Afrikaanse 1953 (Ou) Vertaling te vorm. (Leestekens is verwyder)

H V H	E A E	R L R	G E L	E A	D L N	E U	J N R	A I U	N W	E S G	I	L N V	A I G	N E	T D	D O	S I T	E Y	E	G E L	O U R	N F	V S	I G A	N E N	N	D O D	T I I	E E E	

Do you know me?

#1
I was full of good works, a lot I did do
When you meet me in the Bible my friends look real blue
Two men were sent to someone you know
And as he received the message away he did go
I had already been washed and put into bed
So they showed him my work and to me he sped
He spoke to me and his words were so wise
But when my friends saw me they couldn't believe their eyes.

#2
I was a beautiful young virgin if you really must know
And I entered the biblical page in a great royal show
I faced heartache and turmoil and a whole lot of strife
And I once had a secret that later saved my life
I even faced possible death from the king of the land
But I knew I was safe when he stretched out his hand
I also faced fear but I trusted the Lord
And the enemy I faced was defeated with a cord
Some today who face trouble believe life is so empty
But I know life is full of purpose because God had a plan for me.

(antwoorde in volgende Olielamp uitgawe)

Verjaarsdae

Johannesburg

Marcia Anholts	12-Mei
Liz Seijdlitz	28-Mei

Kaapstad

Elise Geerts	5-Mei
Rigardt Hoving	11-Mei
Erik-Jan Moes	16-Mei

Maranata

Berend de Jager	3-Mei
Irmarie Bosman	11-Mei
André de Vente	18-Mei
Anita Drijfhout	23-Mei
Arnold van den Bout	27-Mei

Pretoria

Wieger van der Veen	3-Mei
Frans Hagg	11-Mei
Jacqueline Zielman	12-Mei
Willemien Kleyn	15-Mei
Naomi Brown	15-Mei
Schalk van der Walt	24-Mei